



TOERISME KWARTAAL 2

GRAAD 12




Onderwerp: Toeriste besienswaardighede





Inhoud: Bekende wêreld ikone en attraksies





<p>Die verskil tussen 'n toeriste attraksie en 'n ikoon</p>	<p>'n Toeristebesienswaardigheid is 'n plek, 'n gebied, 'n gebou of 'n gebeurtenis van belang wat toeriste vir hulle historiese belangrikheid, kulturele waarde, natuurlike of mensgemaakte skoonheid of vermaakmoontlikhede besoek bv. natuurlike besienswaardighede (watervalle, berge, woude en natuurluwe) en mensgemaakte besienswaardighede (temaparke, feeste, historiese geboue en standbeelde).</p> <p>'n Icoon in die toerismekonteks is 'n besienswaardigheid of kenmerk wat wêreldberoemd is, simboliese waarde het en in die besonder met 'n bepaalde bestemming verbind word.</p>
<p>Redes waarom spesifieke toerisme attraksies en/of fisiese kenmerke beskou word as ikone</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Unieke argitektoniese of konstruksiekenmerke, bv. die Taj Mahal in Indië • Unieke en besonderse natuurlike kenmerke, bv. die Grand Canyon in Arizona • Godsdienstige belang, bv. Mekka in Saoedi-Arabië • 'n Onderskeidende en indrukwekkende grootte of fatsoen, bv. die berg Everest in Nepal • 'n Gevoel van towerkrag en misterie, bv. Machu Picchu in Peru • 'n Simbool van buitengewone menslike prestasie, bv. die Groot Piramides in Egipte • Lok elke jaar 'n sekere getal besoekers
<p>Die ekonomiese belang van ikone vir 'n land/gebied</p>	<p>'n Paar faktore wat tot die ekonomiese belang van ikone bydra, is:</p> <ul style="list-style-type: none"> • verdien waardevolle buitelandse valuta van besoekers wat na die terrein gelok word • verskaf ekstra inkomste aan die regering deur belastings, soos • lughawebelasting en verkoopbelasting, sodat meer geld aan eie behoeftes bestee kan word • skep plaaslike werk- en sakegeleenthede • het 'n vermenigvuldigingseffek – nuwe geld word in die ekonomie ingebring • lei tot verbeterde infrastruktuur wat vir die hele land tot voordeel sal wees, nie slegs vir die toerismebedryf nie. • lei tot meer uitgebreide streeksontwikkeling, veral in geïsoleerde gebiede.








BEKENDE WÊRELD IKONE EN ATTRAKSIES



*Wêrelderfenisterreine





PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Sydney Operahuis *	Australië	Stad: Sydney	Dit word as gevolg van sy ontwerp en konstruksie universeel as 'n argitektoniese meesterstuk van die 20ste eeu erken.	<ul style="list-style-type: none"> Die Sydney-operahuis lê in die Sydney-hawe naby die Sydney-hawebrug. Die kreatiewe dakontwerp van aaneengeskakelde "skulpe" wat soos seile gevorm is, herinner mens aan 'n vloot seilbote. Dit word as een van die beroemdste uitvoerende kunstesentrums ter wêreld beskou. Die gebou huisves vyf teaters, 'n opname-ateljee, kafees, restaurante, kroë en soewenierwinkels.
	Ayers Rock / Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park *	Australië	Staat: Noordelike Gebied	Uluru of Ayers Rock is 'n unieke, massiewe, ronde rotsformasie wat uit harde, rooi sandsteen bestaan. Dit word ook 'n "eilandberg" genoem en ongeveer tweederdes van die rots strek 5 kilometer ondergronds .	<ul style="list-style-type: none"> Ayers Rock of Uluru lê in die Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park in die Noordelike Gebied van Australië. Die park is vernoem na Uluru, 'n enkele rotskoepel en Kata Tjuta, 'n reeks van rotskoepels. Bergreekse wat 500 miljoen jaar gelede gevorm is, het oor miljoene jare verweer en die gevolg is hierdie rotsformasie wat ons vandag het wat die skouspelagtigste natuurlike landmerk in Australië is Die gebied is 'n geestelik heilige, voorouerlike plek vir die inboorlinge en hulle beskou dit as oneerbiedig as besoekers Uluru uitklim.
	Die Standbeeld van Christus die Verlosser	Brasilië	Stad: Rio de Janeiro	Die Christusbeeld met sy uitgestrekte arms wat oor die stad Rio de Janeiro uitkyk, is een van die beroemdste standbeelde ter wêreld , en is nie slegs bekend vir sy dramatiese ligging en grootte nie, maar ook as 'n simbool van die Christendom en vrede .	<ul style="list-style-type: none"> Die Christusbeeld is bo-op die Corcovado-berg geleë. Op 'n hoogte van 700 m in die Tijuca Nasionale Park kyk dit oor die stad Rio de Janeiro uit. Dit is in 1922 gebou om die 100-jarige herdenking van Brasilië se onafhanklikheid van Portugal te vier. Dit bied asemrowende uitsigte oor die stad, die Suikerbroodberg, die Maracanasokkerstadion en die beroemde strande van Copacabana en Ipanema.







PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Niagara Watervalle	Kanada en VSA	Stede: Niagara Falls, Ontario en Niagara Falls, New York	Die Niagara-waterval is die beroemdste waterval ter wêreld . Dit is een van die grootste en kragtigste watervalle en ontvang meer besoekers as enige ander waterval .	<ul style="list-style-type: none"> Die Niagara-waterval lê in die Niagararivier op die internasionale grens tussen die provinsie Ontario, Kanada en die staat New York in die VSA. Die Niagara-waterval bestaan uit drie watervalle: die Horseshoe-waterval aan die Kanadese kant, die American-waterval en die kleiner Bridal Veil-waterval aan die kant van die VSA. Hierdie drie watervalle het gesamentlik die hoogste vloeitempo van enige waterval ter wêreld, en is een van dié met die meeste krag op aarde. Die Niagararivier word as bron van hidroëlektriese krag gebruik.
 	Colosseum*	Italië	Stad: Rome	Die Colosseum is die grootste amfiteater wat tydens die Romeinse Ryk opgerig is en word beskou as die beste voorbeeld van Romeinse ingenieurswese en argitektuur . Dit is amper 2 000 jaar oud.	<ul style="list-style-type: none"> Bouwerk aan die Colosseum is tussen 70 n.C. en 72 n.C. begin. Dit het oorspronklik as die Flavius-amfiteater bekend gestaan. Die Colosseum, wat sitplek aan meer as 50 000 mense verskaf het, is gebou om as 'n plek van vermaak vir die Romeinse burgers te dien, en om die mag van die Romeinse Ryk te vertoon. Die amfiteater is gebruik om gevegte met wilde diere, martelings en teregstellings van gevangenes, slawe en Christene, en gevegte tussen gladiators aan te bied.
	Leunende Toring van Pisa* (Piazza del Duomo)	Italië	Stad: Pisa	Hierdie vrystaande kloktoring, bekend as die Leunende Toring van Pisa, is as gevolg van sy skoonheid en die feit dat dit skeef is, een van die herkenbaarste strukture ter wêreld .	<ul style="list-style-type: none"> Die toring is een van drie historiese geboue (die ander twee is 'n katedraal en 'n doopkapel en kloktoring) wat op die Piazza del Duomo (katedraalplein), 'n grasryke gebied in die stad van Pisa, Italië, geleë is. Konstruksie van die agtverdieping-, wit marmertoring is in 1173 begin en eers teen ongeveer 1350 voltooi. Onstabile grond en 'n swak fondament het veroorsaak dat die toring gesak en gekantel het net nadat die derde verdieping gebou is. Dit wil voorkom of swaartekrag uitgetart word omdat dit nie omval nie.









PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Venisië* 	Italië	Stad: Venisië	Venesië, 'n stad wat gebou is op 118 klein eilandjies wat met kanale en brûe aan mekaar verbind is, is een van die heel mooiste stede in die wêreld en is beroemd vir sy argitektuur en kuns .	<ul style="list-style-type: none"> • Die stad Venesië is in 'n strandmeer aan die kus van die noordelike Adriatiese See geleë. • Die stad, wat in die 5de eeu tot stand gekom het, is gebou op houtplatforms wat in klein eilandjies geanker is. • Venesië staan ook as die Koningin van die Adriatiese See, die Stad van Kanale, die Drywende Stad, die Stad van Romanse en die Stad van Brûe • bekend. • 'n Netwerk nou straatjies, kanale, brûe, piazzas of pleine, paleise, kerke, monumente en kunsгалerye is alles onderling verbind en lok jaarliks miljoene toeriste. • Motors is verban. Waterbusse, watertaxi's en gondels verskaf vervoer. • Oorstroming is altyd 'n ernstige bedreiging en dele van die stad sink alreeds.
	Vatikaanstad* 	Italië	Stad: Rome	Die Vatikaanstad, ook die Vatikaan genoem, is die wêreld se kleinste onafhanklike stadstaat , die setel van die Rooms-Katolieke Kerk , en word deur sy hoof, die pous regeer.	<ul style="list-style-type: none"> • Die Vatikaanstad is in 1929 gestig en word heeltemal deur die stad Rome omring. • Die Switserse lyfwag, dien as die pous se lyfwagte. • Die beroemdste landmerke in die Vatikaan is: <ul style="list-style-type: none"> ○ Sint Pieter se Basilika: die grootste kerk en koepel in die wêreld. Dit kan 20 000 mense huisves. Dit dateer uit die 15de eeu en bevat kunswerke deur wêreldberoemde kunstenaars. ○ Sint Pietersplein: Elke Paassondag kom 400 000 mense hier op die grootste plein in Rome bymekaar om na die pous se Paasboodskap te luister. ○ Die Vatikaanmuseum: die wêreld se grootste museum en bevat van die beroemdste kunswerke in die wêreld.




PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
 	<p>Die Groot Piramides van Giza*</p>  	Egipte	Stad: Giza	<p>Die piramides van Giza is meer as 4 500 jaar gelede as massiewe grafkelders vir die Egiptiese farao's opgerig. Die piramides is vandag simbole van Egipte se geskiedenis en kultuur en dien as bewys van die antieke Egiptenare se tegniese vaardigheid. Hierdie groep piramides by Giza is ál wonder van die antieke wêreld wat steeds bestaan.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is bykans 100 piramides in Egipte. Die drie beroemdste piramides is naby die Nylrivier in die stad Giza geleë, 25 km vanaf sentraal-Kaïro. • Die drie piramides is: <ul style="list-style-type: none"> ○ die piramide van Khufu (ook bekend as die groot piramide of die piramide van Cheops) ○ die piramide van Khafre ○ die piramide van Menkaure • Die farao's het hierdie massiewe grafkelders met kamers, tunnels, geheime gange en stoorkamers gebou om mummies, persoonlike besittings en voorraad vir die lewe hierna te bewaar en beskerm. • Hulle het geglo dat die siel van die dooie die songod, Ra, sou bereik wanneer dit deur die gepunte struktuur van die piramide opstyg.
	<p>Die Sfinks*</p>  	Egipte	Stad: Giza	<p>Die Sfinks is 'n yslieke standbeeld van 'n kreatuur met die liggaam van 'n leeu en die kop van 'n mens. Dit is uit 'n enkele blok kalksteen gekap en is een van die grootste en herkenbaarste standbeelde ter wêreld, en is 'n simbool van Egipte.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die Sfinks is geleë voor die groot piramide by Giza, 25 km vanaf Kaïro. • Die presiese konstruksiedatum en doel is onbekend, maar daar word geglo dat die Sfinks • in ongeveer 2 530 v.C. deur die farao Khafre gebou is om sy grafkelder te bewaak. • Die Sfinks was vir baie eeue tot by sy ken in die sand begrawe en is eers in 1925 heeltemal lootgelê. • Sand, wind, besoedeling en vandalisme het deur die jare baie skade aan die standbeeld aangerig.



PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/ GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	<p>Berlynse Muur</p>	<p>Duitsland</p>	<p>Stad: Berlyn</p>	<p>Die Berlynse Muur wat in 1961 opgerig is, was 'n betonmuur wat Wes-Berlyn van Oos-Berlyn in Oos-Duitsland geskei het. Dit simboliseer die verdeling tussen demokrasie en kommunisme gedurende die Koue Oorlog.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die Tweede Wêreldoorlog het in 1945 tot 'n einde gekom toe Hitler se Nazi- Duitsland deur die geallieerde magte verslaan is. • Duitsland en die stad Berlyn is in vier geallieerde besettingsgebiede verdeel (die VSA, Brittanje, Frankryk en die USSR). • Die gebiede van die VSA, Brittanje en Frankryk is in 1949 verenig om demokratiese Wes-Duitsland te vorm, terwyl die USSR se besettingsgebied kommunistiese Oos-Duitsland geword het. • Duitsland se vorige hoofstad, Berlyn, in Oos-Duitsland, is in Oos- en Wes-Berlyn verdeel. Wes-Berlyn was 'n demokratiese stad wat deur kommunistiese Oos-Duitsland omring is. Tussen 1949 en 1960 het bykans drie miljoen Oos-Duitsers na die meer welvarende Wes-Berlyn ontsnap. • Die Oos-Duitse regering het in 1961 begin om 'n muur met uitkyktorings en beheerpunte, soos Checkpoint Charlie, te bou om te keer dat mense na die Weste oorloop. • Na volgehoue demonstrasies deur die Oos-Duitsers is die Berlynse Muur uiteindelik in 1989 afgebreek.
	<p>Swartwoud</p>	<p>Duitsland</p>	<p>Staat: Baden-Württemberg</p>	<p>Die Swartwoud is bekend vir sy pragtige natuurskoon wat bestaan uit berge oortrek met verskillende soorte dennebome, valleie, mere, mineraalbronne en prentjiemooi dorpies.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die streek is 200 km lank en 60 km breed en lê in die staat Baden- Württemberg in die suid-westelike deel van Duitsland, op die grens met Frankryk en Switserland. • Dit is bekend vir sy handgemaakte koekoekhorlosies, Swartwoudkoek en kersiesnaps, en is Duitsland se gewildste toeristegebied. • Besoekers kan ook aktiwiteite soos staptogte, bergfietsry en ski geniet.





PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
 	Die Koepel van die Rots	Israel	Stad: Jerusalem	Die Koepel van die Rots in die ou stad Jerusalem is 'n Islamitiese heiligdom wat op 'n heilige rots gebou is. Dit is die derde heiligste terrein in die wêreld vir Moslems, naas Mekka en Medina. Die profeet Mohammed , die stigter van Islam, het glo op hierdie plek na die hemel toe opgevaar .	<ul style="list-style-type: none"> Die Koepel van die Rots, wat op die Tempelberg geleë is, is die oudste Islamitiese monument ter wêreld. Dit is in 691 n.C. voltooi en kan van oral af in Jerusalem gesien word. Die agthoekige struktuur is met mosaïek, marmer, metaalwerk en gekleurde glas versier. Die koepel is oorspronklik van goud gemaak, maar is vervang met 'n aluminiumkoepel wat met bladgoud oorgetrek is. Die klip waarop die Koepel van die Rots gebou is, is ook vir die Jode heilig, aangesien hulle glo dat dit die fondamentsteen van die wêreld is. Die Jode glo ook dat dit die plek is waar Abraham bereid was om sy seun Isak te offer, en dat dit daar is wat die temple van Salomo, wat in 950 v.C. gebou is, gestaan het.
 	Die Klaagmuur	Israel	Stad: Jerusalem	Die Klaagmuur, wat aan die westekant van die Tempelberg in die ou stad Jerusalem geleë is, is die heiligste Joodse plek in die wêreld .	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie 2 000 jaar oue muur, wat as die Klaagmuur of Kotel (Hebreeus) bekend staan, is al wat oor is van 'n stutmuur wat om die tweede temple gebou was. Herodes die Grote het die tempel op die Tempelberg gebou en die Romeine het dit in 70 n.C. vernietig. Hierdie plek het 'n plek van aanbidding geword en die eindpunt van 'n pelgrimstog vir Jode van regoor die wêreld. Dit is waar hulle oor die verlies van hulle tempel treur en vir die herstel daarvan bid. Regoor die Klaagmuur is die Westelike Muur-plaza, 'n opelug-sinagoge wat in twee dele verdeel is sodat mans en vroue apart kan aanbid. Ultraortodokse (Chassidiese) Jode besoek die muur om die Torah te lees en te bid, terwyl hulle dreuning en wieg. Diegene wat by die muur bid, skryf hulle gebede op klein stukkies papier en druk dit by die krake in die muur in.





PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
  	Die Groot Muur van Sjina *	Sjina	Stad: Beijing	Die Groot Muur van China is meer as 2 000 jaar oud en is die wêreld se langste mensgemaakte verdedigingstruktuur . Dit is nie slegs 'n simbool van China se geskiedenis en kultuur nie, maar is getuies van die antieke Chinese se vasberadenheid en ingenieursvernuf .	<ul style="list-style-type: none"> • Die Groot Muur is tussen die 5de eeu v.C. en die 16de eeu n.C. deur verskillende Chinese keisers gebou om China teen invallers te beskerm. • Die grootste deel van die Groot Muur wat vandag nog bestaan, is in die Ming-dinastie (tussen 1368 en 1644) gebou • Dit strek oor 8 850 kilometer van oos na wes regoor noordelike China en kruis berge, woestyne en grasvelde. • Uitkyktoerings is op reëlmatige afstande op die muur gebou om as uitkykpunte te dien en ook om militêre voorrade te stoor. • Boodskappe kon oor groot afstande met die muur langs gestuur word deur vlag-, vuur- en rookseine te gebruik. • Duisende soldate, gevangenes en kleinboere is gebruik om die muur te bou. Daar word beweer dat een miljoen van hulle tydens die bou van die muur dood is, vandaar die bynaam "die langste begraafplaas op aarde".
  	Die Parthenon*	Griekeland	Stad: Athene	Die Parthenon is die oorblyfsels van 'n 2 500 jaar oue tempel wat geleë is op die Akropolis , 'n heuwel wat oor die stad Athene, Griekeland, uitkyk. Dit is 'n simbool van antieke Griekse beskawing en sy beroemdste oorblywende gebou.	<ul style="list-style-type: none"> • Die tempel is gebou ter ere van die Griekse godin Athena, die beskermvrou van Athene, omdat sy die stad tydens oorlog beskerm het. • Bouwerk aan die tempel het van 447 tot 438 v.C. geduur. • Die talle marmerbeelde wat die Parthenon versier, is in 423 v.C. voltooi en sluit 'n baie groot standbeeld van Athena in. • Tydens die leeftyd van die tempel het dit as 'n skatkamer, 'n fort, 'n kerk en 'n moskee diens gedoen. • 'n Yslike ontploffing tydens 'n oorlog in 1687 het die Parthenon erg beskadig. •



PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
 	Die Taj Mahal*  	Indië	Stad: Agra	Die Taj Mahal in Agra, Indië, is 'n mausoleum (praalgraf) wat uit wit marmer gebou is. Dit is deur 'n Indiese regeerder as simbool van sy ewigdurende liefde vir sy gestorwe vrou gebou. Die Taj Mahal word as 'n argitektoniese meesterstuk beskou en is een van die heel mooiste geboue ter wêreld .	<ul style="list-style-type: none"> • Sjah Jahan, die Mogol-keiser van Suid-Asië, het in 1631 opdrag gegee dat die Taj Mahal gebou word ter ere van sy gunstelingvrou, Mumtaz Mahal, wat tydens die geboorte van hulle 14de kind gesterf het. • Die Taj Mahal is op die walle van die Jamuna-rivier geleë en word deur 'n yslike tuin omring. Dit het 20 000 werkers 22 jaar geneem om die bouwerk te voltooi. • Die agthoekige monument is in sy geheel van wit marmer gebou en met halfedelstene en edelstene versier. • Besoekers kan in die Taj Mahal die gedenktekens sien van Mumtaz Mahal en Sjah Jahan, wat in 1666 dood is. Hulle is begrawe in 'n kript onder die middelste kamer, wat nie vir die publiek oop is nie.
 	Die Blou Moskee *  	Turkye	Stad: Istanboel	Die Blou Moskee in Istanboel, Turkye, met sy dalende koepels is binne met blou keramiekteëls versier . Met sy binnehowe en ses minarette word dit as een van die heel mooiste moskees ter wêreld beskou .	<ul style="list-style-type: none"> • Die Blou Moskee is tussen 1609 en 1616 deur Sultan Ahmed I gebou. Die amptelike naam daarvan is die Sultan Ahmed-moskee. • Die 34 m hoë hoofkoepel is deur agt kleiner koepels en halwe koepels omring. Die asemrowende binnekant is met meer as 20 000 handgemaakte blou keramiekteëls versier – vandaar sy populêre naam, Blou Moskee. • Altesaam 260 loodglasvensters en 'n massiewe kandelaar oorspoel die binnekant met lig en versterk die blou kleur van die teëls. • Die Blou Moskee is die enigste moskee in Turkye wat oorspronklik met ses minarette gebou is. Moslems word opgeroep om vyf keer per dag vanaf hulle balkonne te bid.

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Die Eiffel Toring* 	Frankryk	Stad: Parys	<p>Die Eiffeltoring is die wêreld se beroemdste toring en is 'n simbool van Parys. Dit is die hoogste struktuur in Parys en die toeristebesienswaardigheid in die wêreld met 'n toegangsgeld wat deur die meeste mense besoek word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> Die Eiffeltoring is van 'n ysterrooster gebou en is op die suidelike oewer van die Seinerivier in Parys, Frankryk, geleë. Dit is deur die Franse strukturele ingenieur Gustave Eiffel gebou as 'n poort na die Internasionale Uitstalling van Parys in 1889, en om die 100ste herdenking van die Franse Revolusie te vier. Dit het twee jaar, twee maande en vyf dae geneem om te bou. Die Eiffeltoring moes in 1909 afgebreek word, maar is gered toe daar besluit is om dit as 'n telekommunikasietoring in te span. As jy die 120 antennas insluit, is die Eiffeltoring 324 m hoog. Dit word ook "Die Ystervrou" genoem. Daar is drie vlakke, wat vir die jaarlikse sewe miljoen toeriste 'n asemrowende uitsig oor Parys bied. Die eerste twee vlakke kan met trappe of hysbakke bereik word en huisves soewenierwinkels en restaurante. Die derde vlak kan slegs met 'n hysbak bereik word.
	Die Franse Riviera	Frankryk	Stad: Nice	<p>Die Franse Riviera of Côte d'Azur is een van die beroemdste en luuksste kusoorte ter wêreld. Dit lê aan die Mediterreense kus van suidoos-Frankryk op die grens met Italië.</p>	<ul style="list-style-type: none"> Die Franse Riviera is bekend vir sy blou water, natuurskoon, dramatiese kuslyn, warm weer en strande. Die wêreldberoemde stede Nice (die hoofstad), Cannes, Monte Carlo (in Monaco) en Saint-Tropez met hulle luukse hotelle, casino's, restaurante en seiljagte van alle groottes wat in rye in die water lê, is almal aan die Franse Riviera geleë. Hierdie speelplek van die rykes en beroemdes word dikwels besoek deur glanspersoonlikhede soos filmsterre, supermodelle, biljoenêrs en koninklikes. Jaarlikse gebeurtenisse soos die Cannes-filmfees en die Formule Een Grand Prix in Monaco lok groot skares. Die gewilde toeristedorp, Grasse, wat die middelpunt is van die Franse parfuumbedryf en as die parfuumhoofstad van die wêreld bekend staan is hier geleë.







PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Berg Fuji	Japan	Stad: Tokio	Fuji is die hoogste berg in Japan . Hierdie vulkaniese berg is wêreldberoemd as gevolg van sy amper perfekte simmetriese koniese vorm en word as 'n simbool van Japan herken.	<ul style="list-style-type: none"> • Fuji word omring deur vyf pragtige mere en is in die Fuji-Hakone-Izu Nasionale Park ongeveer 100 kilometer suid-wes van Tokio, die Japannese hoofstad, geleë. • Die vulkaan het laas in 1707 uitgebars en hoewel dit sedertdien rustend is, word dit steeds deur geoloë as aktief beskou. • Fuji is 3 776 m hoog en die krater het agt pieke. • Die berg is vir die grootste gedeelte van die jaar met sneeu bedek. Tydens die somer en vroeë herfs dien dit as 'n groot bron van inspirasie vir kunstenaars, digters en fotograwe. • Vir Japannese Boeddhiste is die klim van die berg 'n belangrike pelgrimstog, aangesien dit vir hulle heilig is. • Fuji lok jaarliks meer as 200 000 toeriste van die buiteland sowel as van Japan. Die amptelike klimseisoen is in Julie en Augustus, wanneer daar geen sneeu op die berg is nie.
	Chichen Itza*	Mexiko	Streek: Yucatán-skiereiland	Chichen Itza is die murasies van 'n groot, antieke stad van die Majas . Dit is een van die besbewaarde argeologiese terreine van die antieke Maja-beskawing.	<ul style="list-style-type: none"> • Chichen Itza lê op die Yucatán-skiereiland in Mexiko. • Met sy kliptempels, piramides, sterrewag en bane vir balspele was Chichen Itza tussen 500 en 1100 n.C. 'n magtige politieke, geestelike, seremoniële en handelsentrum van die Majas. Die stad is later ontruim en deur Majapelgrims besoek, tot die Spanjaarde in die 16de eeu daar aangekom het. • Die mengsel van argitektoniese style op die terrein gee vir ons insig in die Majas se kultuur, kuns, godsdien, kennis van wiskunde en sterrekunde, asook hulle praktyk van mense-offers aan die gode. • Die belangrikste gebou by Chichen Itza is 'n piramide met trappe bekend as die Tempel van Kukulcán of El Castillo (die kasteel). Dit is vir godsdienstige en sterrekundige doeleindes gebruik.




PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
 	Petra*	Jordanië	Stad: Wadi Musa	Hierdie woestynstad, wat in 'n smal vallei tussen die berge verskuil is, is uit soliede rots gekap , wat dit een van die verstomendste antieke stede in die wêreld maak. Petra, wat "rots" in Grieks beteken, is teen ongeveer 100 v.C. as die hoofstad van die Nabateërs, 'n Arabiese stam, gebou .	<ul style="list-style-type: none"> • Petra lê buite die dorp Wadi Musa in die suide van Jordanië. • Die Nabateërs het vanaf 600 v.C. tot 106 n.C. in Petra gewoon en dit ontwikkel tot 'n welvarende karavaanhandelsentrum wat die spesery- en syroetes van China, Indië en Arabië met Egipte, Sirië, Griekeland en Rome verbind het. • Hulle welvaart het hulle in staat gestel om tempels, grafkelders en 'n 8 000-sitplek-amfiteater uit die rooi sandsteenkrans te kap wat die stad omring. • Die Nabateërs het ook 'n waterstoorplek en -verspreidingsstelsel vir sy 30 000 inwoners gebou. • Die ingang na Petra is deur 'n 1,5 km lange siq, 'n nou, kronkelende kloof met 200 m hoë krans aan weerskante. Aan die einde van die siq, by die ingang na die stad, lê die skatkamer (Al-Khazneh), 'n koninklike grafkelder wat in die berg uitgekap is.
 	Berg Everest	Nepal	Stad: Katmandu	Everest is die hoogste berg ter wêreld . Die piek is 8 848 m bo seevlak .	<ul style="list-style-type: none"> • Everest lê op die grens tussen Nepal en Tibet (China) in Suidoos-Asië en vorm deel van die Himalaja-bergreeks. • Hierdie 60 miljoen jaar oue berg is altyd met ys en sneeu bedek. Sy piek is soos 'n piramide gevorm. • Daar word beweer dat Everest as gevolg van die aarde se geologiese kragte met 4 mm per jaar hoër word. • Ondanks temperature van -19°C tot -60°C op die kruin en orkaansterkte winde van tot 160 km per uur en lae suurstofvlakke, is Everest dié uitdaging vir bergklimmers regoor die wêreld. • In 1953 het Edmund Hillary (Nieu-Seeland) en sy Nepalese sjerpa, Tenzing Norgay, die eerste mense geword om die kruin van Everest te bereik.



PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
 	Mekka	Saoedi-Arabië	Stad: Mekka	Mekka, die heiligste stad van die Islam-geloof , is die geestelike sentrum vir alle Moslems. Dit is die geboorteplek van die profeet, Mohammed , die stigter van die Islamitiese geloof, en die middelpunt van die Moslem-pelgrimstog .	<ul style="list-style-type: none"> Die heiligste plek in Mekka is die Kaaba, wat geleë is in die binnehof van die Masjid al Haram (Groot Moskee), die eiligste moskee in die wêreld. Die Kaaba is 'n klipstruktuur met 'n enkele vertrek wat met swart materiaal met goue borduurwerk oorgetrek is. Die heilige Swart Klip word op een van die hoeke aangetref. Alle Moslems moet regdeur die jaar vyf keer per dag in die rigting van die Kaaba bid. Dit is die godsdienstige plig van elke Moslem om een keer in hulle lewens hierdie groot pelgrimstog, die Hadj genoem, na Mekka aan te pak indien hulle dit kan bekostig en indien hulle fisiek sterk en gesond is. Amper drie miljoen Moslems van regoor die wêreld vergader een keer per jaar in Mekka vir die Hadj wat ongeveer 13 dae duur.
 	Die Switserse Alpe Jungfrau-Aletsch*	Switserland	Gebied: Kantons van Bern en Wallis	The Swiss Alps Jungfrau-Aletsch is a protected area in south-western Switzerland . This beautiful region has high mountain peaks that are permanently covered in snow, glaciers and valleys . Die Switserse Alpe se Jungfrau-Aletsch is 'n beskernde gebied in die suidwestelike deel van Switserland . Hierdie pragtige streek het hoë bergpieke en valleie wat permanent met sneeu en gletsers bedek is .	<ul style="list-style-type: none"> Die Switserse Alpe se Jungfrau-Aletsch dek 'n oppervlakte van 824 km² en vorm deel van die Alpe, wat regoor die sentrale suidelike streek van Switserland loop. Die Jungfrau-Aletsch is tussen die stede Interlaken en Brig in die Switserse kantons Bern en Wallis geleë. Daar is nege berge in die gebied elk meer as 4 000 m hoog. Van hulle is die pieke van Eiger, Mönch en Jungfrau die asemrowendste. Die gebied het die meeste gletsers in die hele Eurasië. Die Aletsch-gletser is die langste en grootste gletser in Europa. Dit is 23 km lank, met ys wat tot 900 m dik is. Die Jungfrau-Aletsch het 'n diverse ekosisteme van flora en fauna. Die streek is 'n gewilde toeristebestemming met aktiwiteite soos besigtigingstoeie per trein en kabelkarretjies, ski en staproetes.





PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Windmeulens	Nederland	Gebied: Die hele Nederland	Windmeulens is een van die belangrikste simbole wat met Nederland verbind word. Hulle is nie slegs kenmerkend van die Nederlandse landskap nie, maar ook 'n simbool van die Nederlanders se stryd teen water .	<ul style="list-style-type: none"> • Windmeulens in Nederland kom uit die 14de eeu en daar was teen die vroeë 20ste eeu meer as 10 000 in gebruik. • Hollandse windmeulens span windkrag in vir doeleindes van dreinerings, die maal van koring, die saag van hout en ander nywerhede. • Namate nuwe tegnologieë ontwikkel het, het die getal windmeulens afgeneem. Die oorblywende 1 200 windmeulens wat regdeur Nederland versprei is, word as kulturele en historiese terreine bewaar en dien meestal as toeristebesienswaardighede. • Die provinsie Zuid-Holland het die meeste windmeulens (226). • Die windmeulterreine in Nederland wat die meeste besoek word, is in Kinderdijk, Schiedam en Zaanse Schans.
	Machu Picchu*	Peru	Stad: Cuzco	Machu Picchu, 'n antieke Inka-stad in die Andes-gebergte in Peru , is een van die belangrikste en mees misterieuse argeologiese terreine in die wêreld . Dit word ook " Die verlore stad van die Inkas " genoem.	<ul style="list-style-type: none"> • Machu Picchu lê op 'n bergrug bokant die Urubamba-vallei in die Andes-gebergte, 80 km van die stad Cuzco in Peru. Dit lê ongeveer 2 430 m bo seevlak. • Aangesien die Inkas geen geskrewe taal gehad het nie, bly dit 'n geheim waarom die stad gebou is, waarvoor dit gebruik is en waarom dit verlaat is. • Bespiegelings oor die doel daarvan wissel van dat dit 'n geheime seremoniële stad was, 'n militêre vesting of 'n somer-wegbreekplek vir die Inka-heersers. • Daar word aanvaar dat Machu Picchu 'n rukkie na 1438 gebou is, ongeveer 1 000 inwoners gehad het en na 100 jaar verlaat is. • Machu Picchu was omring deur landbougrond in terrasse wat vanaf natuurlike fonteine besproei is. Die strukture het paleise, tempels, 'n sterrewag, stoorkamers, huise en plzas ingesluit. Geen sement is gebruik nie. In plaas daarvan het die ranietblokke presies op mekaar gepas, wat dit 'n argitektoniese meesterstuk maak.









PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
 	Auschwitz*  	Pole	Stad: Auschwitz	Auschwitz was vanaf 1940 tot 1945 Nazi-Duitsland se grootste konsentrasiekamp , kamp van dwangarbeid en uitwissingskompleks in Europa. Vandag is dit 'n simbool van die Volksmoord (Holocaust) en die mens se wreedheid teenoor sy medemens tydens die Tweede Wêreldoorlog.	<ul style="list-style-type: none"> • Auschwitz in die suide van Pole is die dorp waar die Nazi's hulle grootste konsentrasiekampe opgerig het nadat Pole in 1939 ingeval is. • Daar is drie kampe met die kapasiteit om 150 000 gevangenes te huisves. Hulle is aanvanklik gebruik om Poolse politieke gevangenes en Sowjetkrygsgevangenes aan te hou. • Na 1942 het Auschwitz die berugte terrein van die massawissing van Europese Jode geword. Meer as 90% van die geraamde 1,2 miljoen mense wat in die gaskamers van Auschwitz gesterf het, was Joodse mans, vroue en kinders. • Auschwitz is in 'n museum en gedenkplek omskep om toekomstige geslagte te help om die wreedhede wat binne daardie omheining gepleeg is, te verstaan.
 	Die Algarve	Portugal	Stad: Faro	Die Algarve is Portugal se beroemdste toeristegebied en een van Europa se gunsteling-vakansiebestemmings . Hierdie gebied is bekend vir die natuurskoon van sy dramatiese kuslyn, sonnige weer, uitstekende strande, geleenthede vir buiteligaktiwiteite en wonderlike kos .	<ul style="list-style-type: none"> • Die Algarve lê op die suidelike punt van Portugal, met die Atlantiese Oseaan as sy suidelike en westelike grens. • Die kuslyn bestaan uit lang sandstrande wat deur ruwe kranses, grotte en afgesonderde inhamme onderbreek word. • Die besigste stuk kuslyn, bekend vir sy oorde, strande, naglewe, marinas en bote, strek van Lagos tot by Faro, die hoofstad van die streek. • Die deel van die Algarve wat minder deur toeriste besoek word, strek van Faro tot by Vila Real de Santo Antonio. Die grootste stuk van hierdie kuslyn val in die Ria Formosa Natuurreserveaat en het baie om aan voëlkykers en natuurliefhebbers te bied. • Daar is 'n verskeidenheid akkommodasie langs die kus. • Hoewel sonbrand en swem die gewildste aktiwiteite is, is die Algarve ideaal vir feitlik alle soorte watersport. Die gebied is 'n gholfparadys, met 30 gholfbane om van te kies. Die Algarve lok elke jaar byna vyf miljoen besoekers. • Restaurante, kroë en kafees bied 'n belewing van Portugal met 'n wye verskeidenheid seekos, insluitend sardiens en hoender-peri-peri (geroosterde hoender in 'n baie skerp sous).

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Alcázar van Segovia* 	Spanje	Stad: Segovia	<p>Die Alcázar van Segovia is die herkenbaarste kasteel in Spanje. Dit is bo-op 'n rotsagtige heuwel gebou en is soos die boeg van 'n skip gevorm. Hierdie vesting is reeds eeue oud en is een van die monumente in Spanje wat die meeste besoek word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die Alcázar (kasteel) lê in die ou stad Segovia in die Segoviaprovincie in Spanje. • Dit is oorspronklik deur die Arabiere as 'n houtvesting gebou tydens hulle besetting van Spanje. Dit is in die 12de eeu deur die Spanjaarde herower en hulle het dit as 'n klipstruktuur herbou. • Dit het daarna die gunstelingwoning van die Spaanse koninklikes geword en uitgebreide veranderings en toevoegings deur die eeue het dit laat ontwikkel in die buitengewone kasteel wat dit vandag is. • In die vroeë 17de eeu, toe die Spaanse koninklikes na Madrid getrek het, is dit in 'n staatsgevangenis omskep, en het later as die koninklike artilleriekollege en 'n militêre akademie diens gedoen. • Die Alcázar van Segovia is vandag 'n museum en een van die drie topbesienswaardighede in Segovia.
	Stiergevegte	Spanje	Stede: Madrid, Seville and Pamplona	<p>The practice of bullfighting, in which a bullfighter in a public display provokes and then kills a bull with a sword, is universally associated with Spain's history and culture.</p> <p>Die praktyk van stiergevegterery waarin die stiergevegter in die openbaar die bul tart en hom daarna met die swaard doodmaak, word regoor die wêreld met Spanje se geskiedenis en kultuur verbind.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Stiergevegte vind in 'n groot buiteligarena plaas. • Wanneer die bul (toro) die ring binnekom, tart die stiergevegter (matador), wat 'n mantel en swaard dra, en 'n kleurvolle eborduurde sykostuum aanhet, die bul. • Picadores (stiergevegters op perde) steek die bul met lanse, en banderilleros (stiergevegters te voet) steek die bul met kort, dun stoke met ysterpunte. • Uiteindelik nader die matador die bul van voor en maak dit dood deur sy swaard tussen die skouerblaai van die bul en in sy hart in te steek. • Madrid, Seville en Pamplona is die gewildste plekke in Spanje om 'n stiergeveg te sien. • Die Hardloop met die Bulle in Pamplona vind tydens die beroemdste stiergevegfees in Spanje plaas. Voor die stiergevegte hardloop inwoners en besoekers saam met die bulle deur die nou straatjies van Pamplona en loop die risiko om beseer of gedood te word.

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Drywende markte	Thailand	Stad: Bangkok	Die kleurvolle en lewendige drywende markte waar die handelaars hulle goedere vanuit hulle bote op die riviere en kanale verkoop , het 'n simbool van die tradisionele leefwyse in Thailand geword.	<ul style="list-style-type: none"> • Drywende markte (Talaat Naam) is bekend daarvoor dat die vroue wat in die kanale af roei blou hemde (Mor Hom) en platbolhoede (Muak Nob) dra. • Die klein bootjies is volgepak met tropiese vrugte, groente, blomme en vars klappermelk wat gereed is om te drink. • Toeriste kan hierdie markte in langrompmotorbote of roeibootjies verken. Dit laat hulle toe om die tradisionele Thai-leefwyse te ervaar en kleurvolle foto's te neem. Hulle kan ook soeweniers by die winkels op die walle van die kanale koop. • Daar is ongeveer 'n halfdosyn drywende markte in en om Bangkok. Die beroemdste is die Damnoen ("dam-nern") Saduak Drywende Mark, 80 km suidwes van Bangkok.
	Die Kremlin	Rusland	Stad: Moskou	Die Kremlin is 'n versterkte gebouekompleks in Moskou. Die monumentale mure, torings, katedrale en paleise waaruit die Kremlin bestaan, vorm 'n lewende museum van die Russiese geskiedenis, kultuur en argitektuur . Dit is ook 'n simbool van die Russiese staat .	<ul style="list-style-type: none"> • Die Kremlin lê op 'n heuwel in die middel van Moskou, op die Moskourivier. Dit word deur 'n 2,2 km lange rooibaksteenmuur omring, en 20 verdedigingstorings vorm 'n onreëlmatige driehoek. • Katedraalplein is in die middel van die Kremlin. Rondom is manjifieke argitektoniese strukture soos katedrale, paleise en vele ander geboue, waarvan talle uit die 15de eeu kom. • Die Maria-Hemelvaartkatedraal, wat in 1479 gebou is, is die oudste, grootste en belangrikste van die Kremlin se talle kerke en dit is hier waar die Tsaars gekroon is. • Die Kremlin was nog altyd die simbool van Russiese mag.

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Die Rooi Plein* 	Rusland	Stad: Moskou	Die Rooi Plein in die middel van Moskou, Rusland, is 'n groot openbare plein wat deur belangrike geboue omring word . Dit is sedert die 15de eeu die terrein van talle historiese gebeurtenisse en word as die beroemdste toeristebesienswaardigheid in Moskou beskou .	<ul style="list-style-type: none"> • Die Rooi Plein skei die Kremlin van die res van Moskou. • Landbakens wat om die Rooi Plein is, sluit in die Sint Basilius-katedraal met sy blink koepel, Lenin se praalgraf wat die gebalsemde liggaam van Vladimir Ilyich Lenin (die stigter van die Sowjet-Unie) bevat, die staat se historiese museum, die Kazan-katedraal en GUM, die stad se beroemde afdelingswinkel. • Die plein was aanvanklik 'n markplein, maar mense het geleidelik die plein vir feeste, regeringseremonies en selfs teregstellings begin gebruik. Dit was gedurende die 20ste eeu wat die Rooi Plein beroemd geraak het as gevolg van die Sowjet-Unie se militêre parades wat elke jaar daar gehou is om die mag van die Kremlin aan die wêreld te vertoon. • Die veel vriendeliker Rooi Plein is vandag 'n gewilde toeristebesienswaardigheid en word vir rock-konserte, modevertonings en feeste gebruik.
	Big Ben* 	Verenigde Koninkryk	Stad: Londen	Die Elizabeth-toring van die Westminster-paleis word wêreldwyd as simbool van die stad Londen en die Verenigde Koninkryk herken , en word gewoonlik as geheel Big Ben genoem.	<ul style="list-style-type: none"> • Die Westminster-paleis met sy neo-Gotiese argitektuur en meer as 1 000 vertrekke is op die walle van die Teems in Londen gebou. • Dit is die tuiste van die Britse parlement, wat die Britse Laerhuis en die Britse Hoërhuis genoem word. • Die 93 m hoë vrystaande Elizabethtoring aan die noordoostelike kant van die Westminster-paleis huisves die groot horlosie van Westminster, of Big Ben, wat vier gesigte het. • In die klokverdieping van die Elizabeth-toring is daar vyf klokke. Die uurklok word die Groot Klok genome en weeg 13,5 ton. Die kwartierklokke lui elke 15 minute. • Hoewel die naam Big Ben gebruik word om na die kloktoring te verwys, is dit eintlik die bynaam van die Groot Klok. Westminster-abdy en die kerk van Sint Margaret is op dieselfde terrein en vorm deel van hierdie wêrelderfenisterrein.

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Buckingham Paleis* 	Verenigde Koninkryk	Stad: Londen	Buckingham-paleis is die amptelike woning en administratiewe hoofkwartier van die Britse monarg . Dit is 'n groot toeristebesienswaardigheid in Londen.	<ul style="list-style-type: none"> Die paleis is in 1703 as die woning vir die hertog van Buckingham gebou, en het in 1837 die koninklike woning geword toe koningin Victoria die troon bestyg het. Koningin Elizabeth II is sedert 1952 die regerende monarg. Talle veranderinge en toevoegsels is deur die jare aan die paleis gemaak, soos die fasade en die beroemde koninklike balkon. Die praalkamers is met kosbare kunswerke en meubels uit die koningin se koninklike versameling versier. Hierdie vertrekke word vir amptelike funksies, bankette en seremonies gebruik. Die praalkamers is in Augustus en September vir die publiek oop. Die Aflossing van die Wag vind plaas op die voorplein, wat deur yslike hekke en relings ingesluit word. Die seremonie is 'n militêre seremonie met musiek en lok groot skares.
	Die Toring van Londen* 	Verenigde Koninkryk	Stad: Londen	Die Toring van Londen is 'n antieke vestingpaleiskompleks en een van die oudste geboue in Londen . Dit is 'n simbool van koninklike mag en dateer uit die 11de eeu.	<ul style="list-style-type: none"> Willem die Veroweraar het opdrag gegee vir die bou van die Toring van Londen op die noordelike oewer van die Teems. Die werk het in die 11de eeu begin en is in 1350 voltooi. Dit is nie slegs 'n enkele toring nie, maar 'n kompleks van talle geboue wat deur ander konings aangelas is totdat dit voltooi is. Twee defensiewe mure en torings omring die kompleks. Die oorspronklike 27,5 m hoë vesting, die Wit Toring, is in die middel. Hoewel dit oorspronklik as 'n fort gebou is, is die Toring van Londen ook as koninklike paleis, 'n tronk en plek van teregstelling en marteling gebruik. Talle beroemde mense is hier tereggestel. Die Toring van Londen is vandag 'n museum en die versameling kroonjuwele is die grootste besienswaardigheid. Die koninklike lyfwag, ook die Beefeaters genoem, is die seremoniële wagte by die Toring van Londen.

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Toring Brug	Verenigde Koninkryk	Stad: Londen	<p>London se Toring Brug is een van die herkenbaarste strukture in die wêreld. Tussen 1886 en 1894 gebou is dit 'n gekombineerde "bascule" en hangbrug in Londen oor die Thamesrivier. Dit is naby aan die Die Toring van Londen vanwaar die naam afkomstig is. Dit is 'n ikoniese simbool van Londen.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die brug bestaan uit twee torings wat by die boonste verdieping verbind is dmv horisontale loopvlakke. • Die brug het 8 jaar, 5 hoofkontraakteurs en aanhoudende werk van 432 bouers geneem om gebou te word. • Toe dit gebou is was die Toring Brug die grootste en mees gesofistikeerde brug wat ooit gebou is. ("bascule" kom van die Franse term vir wipplank "see-saw"). Die bascules werk met hidroliese krag en pomp stoom na die reusagtige enjins. • In 1982 is die Toring Brug, vir die eerste keer sedert 1910, vir die publiek geopen met 'n permanente uitstalling genoem The Tower Bridge Experience
	Die Vryheidstandbeeld *	Verenigde State van Amerika	Stad: New York	<p>Die Vryheidstandbeeld was 'n geskenk van Frankryk aan die Verenigde State van Amerika. Dit het een van die herkenbaarste landmerke in die wêreld geword en 'n universele simbool van vryheid, aangesien dit in die New York-hawe staan waar alle immigrante na die Verenigde State vroeër per boot aangekom het.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die Vryheidstandbeeld is 'n yslike beeldhouwerk van 'n vrou met 'n kleed aan en wat 'n kroon dra. Sy hou 'n brandende fakkel in haar regterhand en 'n tablet in haar linkerhand. By haar voete lê 'n gebreekte ketting. • Dit staan op Vryheidseiland by die ingang van die New York-hawe. • Die Franse beeldhouer Frédéric Bartholdi het die standbeeld geskep om die 100ste herdenking van die Amerikaanse Vryheidsverklaring van 1776 te vier, en ook as simbool van die solidariteit tussen die twee nasies gedurende die Amerikaanse Vryheidsoorlog. • Vir die talle immigrante wat in die laat 19de eeu en vroeë 20ste eeu per boot daar aangekom het, was die standbeeld die eerste ding wat hulle met hulle aankoms in die VSA gesien het. • Die standbeeld het talle simboliese kenmerke, soos die fakkel, wat 'n lig op die pad na Vryheid verteenwoordig, die sewe strale in haar kroon, wat die sewe kontinente simboliseer, en die gebreekte ketting by haar voete, wat vryheid van onderdrukking illustreer.

PRENT VAN DIE IKOON	NAAM VAN IKOON	NAAM VAN LAND	NAAM VAN STAD/DORP/GEBIED	WAAROM DIT 'N IKOON IS	BESKRYWING
	Die Grand Canyon	Verenigde State van Amerika	Staat: Arizona	Die Grand Canyon is een van die grootste klowe ter wêreld . Met sy oorweldigende grootte en wonderlike landskap is dit een van die skouspelagtigste natuurwonders en die beste voorbeeld van erosie ter wêreld .	<ul style="list-style-type: none"> • Die Grand Canyon lê in die Grand Canyon Nasionale Park in die staat Arizona, VSA. • Geologiese aktiwiteit en die Colorado-rivier met sy syriviere kerf reeds ses miljoen jaar lank deur lae rots om die Grand Canyon te vorm, en die proses duur voort. • Hierdie erosie het die landskap van kranse, heuwels en valleie met sy rotslae in skakerings van bruin, geel, rooi en grys geskep. Die proses het byna twee biljoen jaar van die aarde se geologiese geskiedenis blootgelê. • Vyf miljoen besoekers besoek elke jaar die terrein om besigtigingstoere, vlotvaarte of staptogte te onderneem, of op muilritte of helikoptertoere te gaan.